

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 178**

(Augustus 1983)

## **Bekering**

\* \* \* \* \*

"Netso sal daar ook in die hemel blydschap wees  
oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor  
nege-en-negentig regverdiges wat die bekering nie  
nodig het nie."

(Lukas 15:7)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Wat is bekering?

Bekering is verandering . . . . maar nie net 'n effense verandering nie. Dis nie om in dieselfde rigting aan te hou loop, en jou koers net 'n bietjie na links of regs te wysig nie.

Bekering is om lynreg terug te draai, en om in die teenoorgestelde rigting te loop van waarheen jy oppad was. Dit is soos soldate wat marsjeer en 'n omkeer maak.

Bekering is verandering . . . . . maar nie net 'n uiterlike verandering nie. Dis nie soos om net 'n nuwe baadjie aan te trek nie. Dis nie om jou lewe so te verander dat dit net na buite beter vertoon nie. Bekering is 'n verandering in die hart. Dit is om in jou diepste wese te verander — daar waar al mens se doen en late hulle oorsprong het.

Voor bekering dien mens die sonde. 'n Mens dien jou eie begeertes, drifte en drange. Jou doelwit is om vir jouself te leef. 'n Mens leef in duisternis en blindheid. Soos herderlose skape dwaal 'n mens rond en staan onder die mag van die bose. Dan roep die Here 'n mens tot bekering. Hy roep ons om terug te draai

- weg van die verkeerde
- weg van die duisternis en blindheid
- weg van jou eie wil.

*Bekering is om lynreg terug te draai.*

Nog belangriker is nie net waarvan 'n mens wegdraai nie, maar waarheen jy draai. God roep ons om terug te draai na Jesus Christus, en deur Hom terug na God die Vader. Dit beteken om terug te draai, weg van jou eie menslike wil, na God toe — 'n terugkeer huistoe — weg van die blindheid en sonde, terug na die Verlosser van almal wat Hom aanroep.

Bekering beteken dat daar 'n verandering van here intree. Na bekering is die sonde nie meer jou here nie, ook nie die bose of jou eie begeertes en drifte nie, maar nou het mens 'n nuwe Here, naamlik Jesus Christus. Bekering is om van eienaars te verwissel. Mens bekeer jou nie in die eerste plek tot 'n bepaalde godsdiens, of tot 'n stel wette nie, maar tot 'n Persoon: Jesus Christus.

Bekering beteken om nuwe doelwitte te hê - om nie meer vir jouself te leef nie, maar vir Hom wat vir ons gesterf en ook opgestaan het — om alleen die Here te dien met 'n gewillige hart.

Hierdie oproep tot bekering word aan almal voorgehou — ook aan dié wat dink dat hulle dit nie nodig het nie. Almal word opgeroep tot bekering: Kom na Christus toe:

Hy is die enigste bron van verlossing van al ons sonde, met al die verwoestende gevolge van die sonde.

Hy is die enigste bron van lewe.

Hy is die enigste bron van lig in 'n donker wêreld.

Hy is die enigste bron van ware hoop in 'n hopelose wêreld.

Dit alles skenk Hy aan ons.

*Bekering is 'n verandering van hart.*

Maar dit beteken om, om te draai met alles wat jy is en het, weg van die sonde af — om 'n wortelverandering (of radikale verandering) te maak.

Omdat God eerste na die mens toe gedraai het in Jesus Christus, mag, kan en moet die mens ook na God toe draai.

Bekering lei tot ewige vreugde en 'n ewige lewe.

**Ds. Francois Kruger.**

# Bekering is stryd

In Romeine 7 skryf die apostel Paulus: "Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek."

En verder: "Ek ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?"

Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here."

Hieruit is dit duidelik dat die lewe van bekering 'n lewe van stryd beteken:

- 'n lewe waarin die gelowige in 'n innerlike tweestryd met homself verkeer;
- 'n lewe waarin die gelowige in 'n tweegeveg met homself betrokke is.

Bekering beteken 'n verandering van gesindheid en ook 'n verandering van lewensrigting.

Van nature wil elke mens die dwaalweg van sonde bewandel, maar deur die ware bekering word jou wil gebuig om in alles ooreen te stem met die wil van God.

*Van nature wil elke mens die dwaalweg van sonde bewandel, maar deur die ware bekering word jou wil omgebui.*

En tussen hierdie twee pole bestaan daar by die bekeerling 'n voortdurende spanning:

- tussen die pool van die sondebegeerte aan die een kant;
- en die pool van die strewe na gehoorsaamheid aan die anderkant.

*Die ou sondaarshart moet verskeur word.*

Elkeen wat homself waarlik wil bekeer, sal in hierdie stryd moet volhard, en hierdie spanning reg moet hanteer:

- Die sondige natuur in my moet dag vir dag uitgeroei word. Die ou sondaarshart moet uitgeskeur word. Die sondebeginsel moet 'n sekere dood sterwe.
- En tegelyk moet die nuwe lewe in my ontwaak en gevoed word om in alles aan God gehoorsaam te wees.

Bekering vereis dus 'n sekere gewelddadige optrede, naamlik om jouself en jou strewe na die sonde met geweld aan te rand en te vernietig.

Bekering is die enigste selfmoord wat geregverdig is — die moord op die eie sondige ek.

En uit die afsterwing van die innerlike sondige bestaan kom dan te voorskyn die nuwe mens wat met gedagtes en woorde en daade tot eer van die Here wil lewe.

Dit is 'n voortdurende stryd, 'n proses van sterf en opstaan tot aan die einde van jou lewe.

Dit is 'n toenemende afkeer van die sonde en 'n toenemende lus en liefde om na die wil van God te strewe.

*Blydskap dat God 'n gebroke en verslae hart nie verag nie.*

Dit bestaan in 'n hartlike *droefheid* en *berou* dat ek God deur my sondes vertoorn het:

- die gebroke en verslae hart wat hom neerbuig voor die hoogheilige God en saam met Dawid in Ps. 51 bely: "Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in U oë."

- Die innerlike verbryseling wat 'n mens tot stilstand ruk en 'n ommekeer teweeg bring terug na God toe.

Dit bestaan ook in 'n hartlike vreugde van die bekeerling wat in die vaderlike ontferming weer tuisgekome het:

- blydskap dat God 'n gebroke en verslae hart nie verag nie, maar dat Hy dit deur die volkome offerande van Jesus Christus wonderlik vertroos;
- 'n vreugde in die Wet van die Here wat groter is as die vreugde wat al die skatte van die wêreld kan bied.

So is die lewe van bekering 'n lewe van voortdurende stryd:

- stryd wat deur en deur die moeite werd is;
- stryd wat met droefheid en berou begin, maar met vreugde en blydskap eindig;
- stryd wat uitloop op 'n ewige vrede met God in die volle geluksaligheid.

Volhard daarin!

***Ds. Pieter van der Walt.***

# Skynbekering

Bedrog! Valsheid! Kullery! . . . Ons verag dit. Die ganse wêreld keur dit af. Dis hoegenaamd nie vir enige persoon aanvaarbaar nie. Inteendeel — as jy op sulke gronde met die gereg bots . . nou-ja . . .

Nou wonder ek net: Hoekom laat ons soveel bedrog en valsheid in die Kerk van Christus toe? Waar hierdie uitgawe handel oor bekering vind ons bedrog en valsheid in bekering onder die naam: Skynbekering.

In ware bekering toon die geloof sy egtheid en krag. Ware bekering is dus 'n opregte, waaragtige verandering . . .

- van plan en aksie
- van lewe en denke
- van daade en gedagtes.

Ja, ware bekering is 'n saak van die hart — dis soos Ps. 51:19 dit stel: " 'n gebroke en verslae hart" voor God Almagtig. Of lees dit in Hand. 2:37 waar geskryf word oor die eerste bekeerdes na die Pinkster. Toe hulle Petrus se preek hoor, lees ons: "Hulle is diep in die hart getref."

Skynbekering is die uitwendige lippe-bekering sonder die "skeur" van die hart. Dit is wat ek sê maar nie doen nie, bely maar geen daade byvoeg nie.

Ag, geliefde leser — dink maar aan die berou van Kain in Gen. 4:13.

Hy sê vir God: "Ek het berou . . . my skuld is te groot om te dra" — maar hy leef voort in sy sonde.

Of dink aan die berou van Esau. Hebreërs 12:17 sê dat Esau berou vurig begeer het, maar vanweë sy sonde het hy geen geleentheid gevind vir berou nie.

*'n Bekeerde mens is 'n mens wat weet dat hy versoen is met God*

Ek moenie nét sê nie, ek moet ook doen.

Sê . . . natuurlik ja — ek moet bely en by God pleit om vergifnis van sonde.

Maar dit mag nie daar bly nie. Ek moet oorgaan tot aksie . . . my daade moet toon dat my woorde opreg is en nie net skyn nie.

Skynbekering is 'n gevaarlike slagyster vir elke mens. Dit gebeur op grond van sekere oorsake:

- uit selfbejammering;

*Skynbekering . . .  
dis die uitwendige  
lippe-bekering  
sonder die "skeur"  
van die hart.*

Of ja, dink aan die berou van Judas Iskariot in Matt. 27. Lippe-berou . . . sonder hartgrondige smart oor die sonde.

En weet jy, nou moet ons ook oppas vir skynbekering. Die profete Joël in hoofstuk 2 : 13 en Jesaja in hoofstuk 58 sê dat die hart (inwendig) geskeur moet word en nié die klere (uitwendig) nie.

*Die hart (inwendig)  
moet geskeur word en  
nié die klere  
(uitwendig) nie.*

- uit vrees vir straf;
- uit vrees vir die gevolge van die sonde;
- uit liefde vir 'n "heerlike" sondetjie

Nee, God vra ware bekering en nie 'n skyn voor die mens of kerk nie.

- God vra diens met die hart . . . nie 'n oppervlakkige lippe-bedrog nie.
- God eis dade van aksie ... nie mooi vroom woorde sonder inhoud en krag nie.
- God vra opregte berou van sonde ... en nie dat ek Hom met my lippe nader terwyl my hart ver is nie. (Jes. 29 : 13.)

*Skynbekering vind in Jesus Christus sy ondergang . . . want die versoening van Christus aan die kruis wek by my 'n daaglikse en voortgaande bekering.*

Skynbekering vind in Jesus Christus sy ondergang, want die versoening van Christus aan die kruis wek by my 'n daaglikse en voortgaande bekering.

Christus het my nie bedrieg nie, Hy het waarlik gesterf. Hy het:

- die graf en dood en hel oorwin; en
- Hy het opgestaan, en kyk, Hy lewe!

In die krag van die Heilige Gees kom ek waaragtig in Christus tot bekering.

- dra ek vrugte van dankbaarheid
- sê en doen ek.

My hart is en bly geskeur oor my daaglikse en ontsettende sonde. "Here . . . wees my arme sondaar genadig!"

***Ds. Nico Ligthelm.***

# Doop en bekering

Moet bekeerde mense gedoop word?

Die Bybel is daar baie duidelik oor. Luister maar net wat sê Petrus op die Pinksterdag: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." (U kan dit lees in Handeling 2:38.) Bekering is mos wegdraai van God af en omdraai terug na God toe. Dan gaan jy anders oor God dink en anders met Hom saam lewe.

'n Bekeerde mens is 'n mens wat weet dat hy versoen is met God, dat sy verhouding met God weer reg is. Van die veranderde verhouding met God is die doop 'n teken en 'n seël, sê die belydenis van die Kerk. 'n Illustrasie en 'n offisiële stempel, sou ons vandag sê.

*Bekering sit nie net in jou hart nie. Dit sit ook in jou hande en voete.*

En daarom maak 'n bekeerde mens seker dat hy gedoop is of word. **Moet gedoopte mense hulle bekeer?** Dit is 'n ander vraag waaroor die Bybel baie duidelik is. As die Here Jesus Christus deur Johannes aan sewe gemeentes in die huidige Turkye briewe skryf, dan is daar maar een van die sewe Christelike kerke wat nie opgeroep word om hulle te bekeer nie. Hulle was gedoopte mense en die Here het ook aan hulle die belofte gegee dat Hy hulle God wil wees. Maar hulle het van God weggedraai en hulle eerste liefde verlaat. U kan die hele dróewige verhaal lees in Openbaring 2 en 3. Maar die Here laat hulle nie los nie. Hy roep hulle op tot bekering. Gedoopte mense moet hulle ook bekeer. Jy kan maar sê dat dit elke dag weer opnuut moet gebeur! Dit het u seker ook al agtergekom in u lewe, nie waar nie?

*Gedoopte mense moet hulle ook bekeer.*

Jy het dikwels sulke goeie voornemens en besluit, van nou af sal dit anders word! Maar ag mense, sulke mooi planne tot selfverbetering hou partykeer nie eens 'n hele dag nie!

Ek weet van 'n groot Christen, 'n gedoopte mens, wat gesê het: ". . . die goeie wat ek wil doen; doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek . . ." Die naam van hierdie eerlike Christen is Paulus en u kan sy erkenning lees in sy brief aan die Romeine in hoofstuk 7:19.

'n Gedoopte mens moet hom dus ook nog steeds weer bekeer.

Dit is trouens sy doop wat hom juis telkens terugroep na sy God! Want die doop sê: "net so seker is ek met sy bloed en Gees gewas van die onreinheid van my siel, dit is van al my sondes, as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onsuiverheid van die liggaam wegneem."

As God nou soveel liefde en moeite op jou spandeer, is dit dan nie vanselfsprekend dat Hy jou by Hom terug wil hê nie?

Doop en bekering pas dus op allerlei maniere bymekaar.

Ja, dis 'n onderwerp waaroor ons ure lank kan redeneer en selfs debatteer.

Die vraag waaroor dit egter ten diepste gaan, is of ek 'n bekeerde mens is, en lééf soos 'n kind van God?

Daarop moet ekself én úself, 'n eerlike antwoord gee. Lééf ons uit ons Doop?

**Ds. Lammert H. Stavast.**

# Bekering: Inkeer en omkeer

'n Moeilike woord hierdie - "bekering". Wat behels dit?

## Verandering.

Die eerste wegspringplek is om te besef dat bekering in wese "verandering" beteken. Ek, insonde-gevalle mens, moet verander. Die oue, die verkeerde, die sondige natuur moet doodgemaak word, afgesterf word, en ek moet daagliks nuut word en verander. Maar wat behels hierdie verandering? Uit die Bybel kan ons twee aspekte onderskei: Verandering van *HART*, en Verandering van *WANDEL*. 'n Verandering wat hier diep binne in my plaasvind — in my hart, maar ook 'n verandering in die hele rigting wat my lewe inslaan.

Ons sien dit so duidelik by die verlore seun. Ons lees van sy bekering in die varkhok. En ons lees dit in twee sinne: "Hy het tot homself gekom", vers 17, en "Hy het opgestaan en na sy vader gegaan", vers 20.

## Verandering van hart.

"Hy het tot homself gekom":

Dit beteken dat hy insig gekry in sy eie verdorwenheid. Hy het besef:

- Die vaderhuis is veel beter as die varkhok.
- Die vaderliefde is veel beter as die verleidinge van die vreemde.
- Die band met sy vader veel beter as die skynvryheid van die bandelose lewe.
- In die vaderhuis is daar oorvloed, hier in die vreemde armoede en gebrek.

U sien: Die vaderhart en die vaderhuis het daar in die vreemde gestalte gekry in die diepste wese van sy hart. En die walging in die varkhok het in hom begin opstoot. Diep binne het daar 'n verandering gekom. Sy ingesteldheid, die fokus van sy gedagtes en die beleving van sy innerlike het verander. Iets het daar in die varkhok binne-in die seun gebreek.

Ons noem dit in ons belydenis: " 'n Hartlike berou oor die sonde en 'n haat van die sonde". Maar terselfdertyd: " 'n Vreugde in God deur Christus Jesus". 'n Lus en 'n liefde tot God.

Berou en nie selfbejammering omdat jou sonde jou ingehaal het nie, maar die gebroke hart, gebroke omdat jy die liefde van jou Vader verkwansel het.

Ken jy dit nog? Die pyn wat soos 'n dolk deur jou siel gaan, omdat jy jou God deur die sonde aangetas het? Dit is wat ons vandag so dikwels mis:

- Daardie berou.
- Daardie stukkende hart voor God.
- Daardie man op sy knieë.
- Dit is bekering: Om tot jouself te kom.

En hierdie hartsverandering beteken dat ek die sonde moet haat.

Van nature het ek mos die sonde lief. Die liggies van die vreemde, buite die vaderhuis, lyk so aanloklik. Dit flikker verleidelik en trek jou aan.

Maar bekering is om dit te haat. Om 'n walging te kry in die sonde. Dit mag nie meer vir my lekker wees nie. Ek moet die sonde raaksien vir wat dit is, naamlik:

- Opstand teen God.
- Rebelle teen my Vader.
- Wegbreek uit die Vaderhuis.



En dan, waar hierdie berou oor die sonde en haat van die sonde intree, groei daar in my hart 'n vreugde in God deur Sy Seun, Jesus Christus, 'n lus en 'n liefde tot God. Soos wat die liggies van die vreemde hul glans verloor, so kry die oop deur van die Vaderhuis gestalte in my hart. Soos wat die varkhok van die sonde 'n walging in hom opstoot, trek die liefde van die vaderhuis hom aan.

Daar wil ek wees!

Kan u dus sien? Bekering is 'n verandering van die hart en om tot jouself te kom voor God.

"Kom tot inkeer", noem Petrus dit in sy groot toespraak in Handeling 3.

### **Verandering van wandel:**

Hierdie verandering kan egter nie net in die hart bly nie, en dit kan nie net vassteek in die binnekant nie. Dit moet ook na vore kom in 'n *nuwe lewenswandel*. Die verlore seun het nie maar net die varkhok verag en daar gebly nie. Ons lees ook: "Hy het opgestaan en na sy vader gegaan". Sy lewensrigting het verander. *Hy het omgedraai*. Sy rug op die varkhok. Sy gesig na die vaderhuis. Dit is wat Petrus ook bedoel in Handeling 3 as hy, nadat hy gesê het "Kom tot inkeer", daaraan toevoeg: . . ."en bekeer julle". Dan gebruik hy dieselfde woord as wat 'n soldaat hoor met die bevel: "Omkeer!" Draai om. Verander die rigting van jou lewe. Weg van die varkhok. Terug na die vader.

U sien: Bekering sit nie net in jou hart nie. Dit sit ook in jou hande en jou voete!

Hande — wat die wil van jou Vader wil doen.

Voete — wat die weg na die Vader bewandel.

Daarom dat ons bely: Bekering is nie net berou oor en haat vir die sonde nie, maar ook *vlug vir die sonde*, en, positief gestel, " 'n lus en 'n liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe.

Dit beteken on terug te gaan na die Vaderhuis - terug na God.

'n Nuwe lewenswandel.

En dan begin daar vir jou 'n nuwe lewe. 'n Lewe van vreugde by jou Vader.

'n Lewe van vreugde en liefde om die wil van jou Vader te doen.

Van hierdie lewe van vreugde in jou vaderhuis kan jy seker wees: Die Vaderhart en die Vaderarms staan oop vir 'n teruggekeerde kind, die vorige varkhoklewe ten spyte. Sy arms het oopgegaan toe Sy Seun, Jesus Christus ons Verlosser, aan die kruis die volle prys betaal het vir my sonde, en vir joune!

**Ds. Cassie Aucamp.**

# Bekering: Jy moet, maar kán jy?

Die Bybel is 'n baie diep Boek.

Dit bekyk die lewe en die mense van so baie kante af dat jy eintlik duiselig word daarvan.

Dit kom natuurlik omdat die Bybel die Woord van God is.

En God beskou mos nie hierdie dinge net van die buitekant af nie, maar ook vanuit die binnekant, die kern van die bestaan.

Ons mense kan dit met ons klein verstandjies nie verstaan nie. Daarom lyk dit vir ons soms asof die Bybel teenstrydighede bevat, want ons kan 'n saak gewoonlik maar net van een kant af op 'n slag bekyk. Kyk nou maar na die kwessie van bekering.

Die Bybel leer ons aan die een kant baie duidelik dat jy jousef nie kan bekeer nie. Ons is mos van nature dooie mense. So sê Paulus ten minste vir die gemeente in Efese: "julle wat dood was deur die misdade en die sondes . . ." (Ef. 2:1.)

En hoe sou 'n dooie mens kan opstaan?

Bekering: jy kán nie!

En tog: jy móét!

Daar is die Bybel nét so duidelik oor.

Tientalle kere roep die profete van die Ou Testament die mense op om hulle self te bekeer! En net so baie kere kom hierdie eis tot bekering voor in die prediking van die Nuwe Testament.

Sonder bekering is daar geen redding moontlik nie.

U weet mos nog wat bekering beteken nie waar nie? Dis om anders te dink oor God en om anders te lewe met God.

Dit is wat u en ek moet gaan doen. Soms selfs 'n paar keer op 'n dag!

*Ons móét anders word!*

Ons móét anders word!

En ons moet dit self doen, dit is ons verantwoordelikheid.

Dit is die ernstigste oproep wat die Bybel ken, bekeer julle!

Dis 'n saak van lewe en dood. God gee tyd en ewigheid in ons hande.

Sien u wat ek bedoel het toe ek gesê het dat jy soms duiselig word van die Bybel?

Jy kan nie en jy moet tóg!

Nou is daar baie mense wat wegkruip agter hierdie skynbare teenstrydighede. Hulle sê: wel, dan gaan ek my ook nie verder onder druk plaas oor bekering en al daardie dinge nie. Ek kan myself tog nie bekeer nie, dus, waarom sou ek selfs probeer?

*En daar is mense wat meen dat hulle God 'n guns bewys deur hulleself te bekeer.*

En daar is ander mense wat meen dat hulle God 'n guns bewys deur hulleself te bekeer. Hulle beroem hulle op hul wonderlike godsdienstigheid.

Hoe kry mens nou die kloutjie by die oor?

Die antwoord is: moet glad nie probeer nie!

Die oproep tot bekering is vir u bestem: Bekeer jou! Luister daarna en maak gebruik van die genademiddele wat God ons gegee het, naamlik die verkondiging van die Woord, die illustrasies en die stempels van die sakramente.

Lees u Bybel, roep die Here aan terwyl Hy nog te vinde is. Dis nou nog die geleentheid om redding te vind. Bekeer u!

*Lees u Bybel, roep  
die Here aan terwyl  
Hy nog te vinde is.*

En algaande sal u vind dat dit waar is wat Paulus vir die Efesiërs sê:

"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God."

(Ef. 2:8.)

Bekeer u! Ja, maar hoe?

Begin maar deur saam met Jeremia te vra; "Bekeer my, dan sal ek my tot U bekeer . . ." (Jer. 31:18.) Daar is nou nog tyd!

**Ds. Lammert H. Stavast.**